

# Dinsdag 13 Julie

Skrifgedeelte: Miga 3

Fokusgedeelte: Miga 3:1, 5, 8

## Geesvervulde prediking gevra

*Ek daarenteen is vol krag, mét die Gees van die HERE, en reg en heldemoed, om aan Jakob sy oortreding te verkondig en aan Israel sy sonde.* Dit is die selfgetuienis van Miga, die ware profeet van die Here. Dit is die eerlike belydenis van 'n prediker wat met volle geesteskrag die Woord van God verkondig. Hy is vervul met die Gees van die HERE – die grootste gawe van God waarvoor 'n prediker kan vra!

Miga het hom in sy prediking gerig teen die onreg van sy volk se afgodsdienste en sedeloosheid. Hy getuig teen die ryk *maghebbers* se magismisbruik en korrupsie. Die *regeerders van Israel* haat die goeie en die verkeerde het hulle lief.

*Valse profete* is soos rondlopers wat op bedrieglike wyse hulleself voordoen as profete. Hulle sê vir die mense wat hulle graag wil hoor. Hierdie selfaangestelde rondloper-predikers maak gerusstellende voorspellings teen betaling, anders kom hulle met oordeelprofesieë.

Miga word stilgemaak, maar hy is aan sy Godgegewe opdrag getrou. *Ek daarenteen is vol krag, mét die Gees van die HERE, en reg en heldemoed, om aan Jakob sy oortreding te verkondig en aan Israel sy sonde.* God se woord is op sy lippe (2 Sam. 23:2). Deur die Heilige Gees gedryf, verkondig hy die Woord van God (2 Pet. 1:21). En ons as gemeente: met geloof ontvang ons hierdie Woord wat vertroos en vermaan en ons geestelik opbou tot God se eer.

Vir die geestelik hardhorendes is die suiwere Woordverkondiging *ontstellend*. Hulle wil net *gerusstellende* preke hoor wat hulle ore streel en nie wys op hulle verkeerde dade nie. Maar eerlike, Geesvervulde Woordverkondiging is juis daar om verkeerdhede *reg te stel* (2 Tim. 3:16) en so ons verhouding met God te *herstel*.

Die Heilige Gees was op Jesus omdat Hy gesalf is om die evangelie te verkondig (Luk. 4:18). Die apostel Paulus stel dit onomwonde in 1 Korintiërs 2:2: *“Ek het my voorgeneem om met julle oor niks anders te praat nie as oor Jesus as die Christus, en wel oor Hom as die gekruisigde.”*

Sing 119-1:39

Ds. NJ van der Walt (Nic) (Emeritus)